

September: Die Woord van God is 'n deurlopende herinnering aan sy troos teenoor sy kinders

Saterdag **21 September**

Skrifgedeelte: Efesiërs 3:1-13 (AFR53)

Fokusgedeelte: Efesiërs 3:13

Die moeite werd

Die gemeente in Efese ly. Paulus sit in die tronk. Sy verdrukking in die tronk is hulle verdrukking. Die Efesiërs leef konkreet en werklik met Paulus mee. In hierdie opsig is hulle wat hulle moet wees. As een lid in die liggaam van Christus – die kerk – ly, moet almal immers saam ly (1 Kor. 12:26).

Paulus se reaksie op die gemeente se lyding is aangrypend. Hy bid dat hulle nie moedeloos moet word nie. Die feit dat hy in die tronk sit, moet nie maak dat hulle geloof verslap nie. Hulle moenie ingee en toegee onder druk nie. Paulus se gevangeneeming moet hulle eerder opbeur en versterk. Want, so skryf hy in vers 1, hy sit ter wille van hulle in die tronk. Sy gevangenskap is in hulle belang. Dit klink vergesog, maar dit is allermens. Want hoekom sit Paulus in die tronk? Die Jode het hom laat arresteer en hom aan die Romeine uitgelewer. Die rede vir sy arrestasie is die feit dat hy Christus verkondig: aan Jode sowel as aan heidene. Paulus se arrestasie moes bydra tot sy diensbaarheid aan die lewende Christus en die verkondiging van sy evangelie aan vele volke.

Vanuit die tronk verduidelik Paulus hoe die Woord van Christus nie toegesluit kan word nie. Deur 'n openbaring het Christus aan Paulus die verborgenheid (misterie) van die evangelie bekendgemaak. Die verborgenheid is dat nie-Jode ook in die rykdom van God se genade mag deel. Almal wat God in sy welbehae uitverkies het, uit elke stam en volk en taal, het deel aan Christus se volkome verlossingswerk. Almal wat tot geloof in Christus kom, is Christus se mede-erfgename. Hulle is medelede van die liggaam en mededeelgenote aan die belofte in Christus deur die evangelie. Wat 'n rykdom!

Die magte van die duisternis verag hierdie evangelie. Hulle probeer dit dooddruk. Hulle meen dat die voortgang van die evangelie gestop word as Paulus toegesluit is. Hulle is so verkeerd! Christus kon nie stilgemaak word toe Hy gesterf het en begrawe is nie. Hy oorwin die dood en die graf. Hy staan op en laat sy Naam wêreldwyd verkondig. Christus se getroue dienaars kan nie stilgemaak word nie, ook nie as hulle toegesluit word en met hulle lewe moet boet vir die verkondiging van die waarheid nie.

Paulus se swaarkry ter wille van die evangelie is dubbel en dwars die moeite werd. Geen lyding kan te groot wees as dit gaan oor die voortgang van die bediening van God se Woord nie. Met hierdie wete moet ons mekaar bemoedig.

Sing: Psalm 67-1:2

Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)